

17 Januarie

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:21-31**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:26**

### **Die skepping openbaar God se krag**

Ons bely in Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die Here twee “boeke” aan ons gegee het waarin ons van Hom kan lees. Die een boek is die Bybel. Die ander boek is die skepping of die natuur, die onderhouding en die regering van die wêreld. Daar staan ten opsigte van die wonderboek van die skepping: “Dit is voor ons oë soos ’n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien.”

Ons het gister in Psalm 19 daarvan gelees: “Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend” (vs. 2). Hier in Jesaja 40 word dit weereens onderstreep, want ons word uitgenooi om na die hemel toe op te kyk en dan word die vraag gestel: “Wie het die sterre geskep?”

Die antwoord is vanselfsprekend. Dit kan net die Heilige wees na Wie daar in vers 25 verwys word. Dit word egter in pragtige, digterlike taal gestel: “Hy wat die hemelse leër laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het.” En dan word daarby gevoeg: “Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie.”

As jy met die oog van die geloof kyk, sien jy veel meer as die miljoene sterre en die blink streep van die melkweg, veel meer as die onmeetlikheid van die heelal. Jy sien die Skepper van die sterre en die oneindige krag van die Een wat sorg dat geeneen van hulle ontbreek nie. Dit word die letters in ’n mooi boek wat jou die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien en wat jou uiteindelik tot aanbidding bring.

Sing: Psalm 8:1 (Totius)

Ds. CJH Breed (Secunda)